ECONSTOR
Make Your Publications Visible.

A Service of
ZBW
Leibniz-Informationszentrum Wirtschaft
Leibniz Information Centre for Economics

Hamman, W. D.; Lambrechts, I. J.

**Article**

# Omskepping van koöperasies in maatskappye: 'n Oorweging

South African Journal of Business Management

**Provided in Cooperation with:**
University of Stellenbosch Business School (USB), Bellville, South Africa

*Suggested Citation:* Hamman, W. D.; Lambrechts, I. J. (1987) : Omskepping van koöperasies in maatskappye: 'n Oorweging, South African Journal of Business Management, ISSN 2078-5976, African Online Scientific Information Systems (AOSIS), Cape Town, Vol. 18, Iss. 1, pp. 5-9, https://doi.org/10.4102/sajbm.v18i1.991

This Version is available at:
https://hdl.handle.net/10419/217950

**Standard-Nutzungsbedingungen:**

Die Dokumente auf EconStor dürfen zu eigenen wissenschaftlichen Zwecken und zum Privatgebrauch gespeichert und kopiert werden.

Sie dürfen die Dokumente nicht für öffentliche oder kommerzielle Zwecke vervielfältigen, öffentlich ausstellen, öffentlich zugänglich machen, vertreiben oder anderweitig nutzen.

Sofern die Verfasser die Dokumente unter Open-Content-Lizenzen (insbesondere CC-Lizenzen) zur Verfügung gestellt haben sollten, gelten abweichend von diesen Nutzungsbedingungen die in der dort genannten Lizenz gewährten Nutzungsrechte.

**Terms of use:**

*Documents in EconStor may be saved and copied for your personal and scholarly purposes.*

*You are not to copy documents for public or commercial purposes, to exhibit the documents publicly, to make them publicly available on the internet, or to distribute or otherwise use the documents in public.*

*If the documents have been made available under an Open Content Licence (especially Creative Commons Licences), you may exercise further usage rights as specified in the indicated licence.*

https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/

WWW.ECONSTOR.EU

Mitglied der Leibniz-Gemeinschaft

# Omskepping van koöperasies in maatskappye — 'n oorweging

W.D. Hamman
Nagraadse Bestuurskool, Universiteit van Stellenbosch, Bellville 7530, Republiek van Suid-Afrika

I.J. Lambrechts*
Departement Bedryfsekonomie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600, Republiek van Suid-Afrika

*Ontvang 10 Julie 1986; aanvaar 10 Oktober 1986*

**Converting co-operatives to companies — a consideration.** The change in the Income Tax Act in 1977 resulted in co-operatives becoming tax liable from 1 April 1977. In addition, the Co-operatives Act of 1981 resulted in additional restrictions for co-operatives. Consequently certain important advantages of co-operatives ceased. The question therefore arose whether co-operatives can still be justified as a form of organization in comparison to companies. To solve this problem several determining factors should be investigated. Aspects which should be analysed are the tax liability of each form of organization, legal restrictions of co-operatives, financing possibilities of co-operatives, the function of co-operatives as agents of control boards, and the channelling of financial assistance to organized agriculture. Co-operatives as a form of organization have definite advantages compared to companies. The most important are the declaration of deferred bonuses and the redemption of loans, which are tax deductible under certain circumstances (the latter only until 1987). There are however also disadvantages. Approval is necessary to take over companies and members do not share in the growth of co-operatives. In this article it appears that it is undesirable for co-operatives to change their form of organization in present circumstances. It is however not a categorical conclusion and the development of the determining factors should be studied continuously.

Die wysiging van die Inkomstebelastingwet in 1977 het tot gevolg gehad dat koöperasies belastingpligtig geword het vanaf 1 April 1977. Voorts het die Koöperasiewet van 1981 addisionele beperkings op koöperasies gelê. As gevolg hiervan het sekere belangrike voordele van koöperasies as 'n ondernemingsvorm verval. Die vraag het dus ontstaan of koöperasies as 'n ondernemingsvorm nog geregverdig kan word in vergelyking met maatskappye. Om 'n antwoord op hierdie probleem te verskaf, is dit nodig om sekere bepalende faktore te bestudeer. Aspekte wat 'n rol speel, is die belastingpligtigheid van die onderskeie ondernemingsvorme, wetlike beperkings op koöperasies, leningsmoontlikhede van koöperasies, die funksie van koöperasies as agente van beheerrade, en kanalisering van hulp aan georganiseerde landbou. Koöperasies as ondernemingsvorm het besliste voordele in vergelyking met maatskappye. Die belangrikste hiervan is die verklaring van uitgestelde bonusse en die delging van lenings wat aftrekbaar is vir belastingdoeleindes (laasgenoemde slegs tot 1987). Daar is egter ook nadele aan koöperasies as ondernemingsvorm verbonde. Goedkeuring is nodig vir oornames van maatskappye en lede deel nie in die groei nie. Dit blyk dat in huidige omstandighede dit onwenslik is om van ondernemingsvorm te verander. Dit moet egter nie as 'n kategoriese gevolgtrekking gesien word nie en die ontwikkeling van die bepalende faktore moet voortdurend onder oog gehou word.

*Aan wie korrespondensie gerig moet word

## Inleiding

Die wysiging van die Inkomstebelastingwet in 1977 het tot gevolg gehad dat koöperasies belastingpligtig geword het vanaf 1 April 1977. Voorts het die Koöperasiewet van 1981 addisionele beperkings op koöperasies gelê. As gevolg hiervan het sekere belangrike voordele van koöperasies as 'n ondernemingsvorm verval. Die vraag het dus ontstaan of koöperasies as 'n ondernemingsvorm nog geregverdig kan word in vergelyking met maatskappye.

Alvorens 'n antwoord op hierdie vraag moontlik is, is dit nodig om oorweging aan sekere bepalende faktore te skenk. Die bepalende faktore wat oorweeg sal word, sluit in belastingpligtigheid van die onderskeie ondernemingsvorme, wetlike beperkings op koöperasies, leningsmoontlikhede van koöperasies, funksie van koöperasies as agente van beheerrade en kanalisering van hulp aan georganiseerde landbou. Nadat voorafgaande aspekte oorweeg is, kom die werklike aspekte van omskepping onder die soeklig alvorens 'n finale aanbeveling gemaak word.

## Belastingpligtigheid

### Inleiding

Soos reeds gemeld, is koöperasies vanaf 1 April 1977 belastingpligtig. As motivering vir die nie-belasbaarheid van koöperasies is aangevoer dat koöperasies namens sy lede optree en 'n verlengstuk van hulle is en dus moet belasting op lede gehef word. Dit het koöperasies in staat gestel om belastingvrye reserwes op te bou; heel dikwels in mededinging met maatskappye. Die normale reëls vir die bepaling van belasbare inkomste vir maatskappye geld tans ook vir koöperasies met sekere uitsonderinge; klaarblyklik om voorsiening te maak vir die besondere bedryfsomstandighede van koöperasies. Die uitsonderings het betrekking op die verklaring van bonusse, delging van sekere lenings en vervangings- en beleggingstoelaes. Hierdie aspekte kom vervolgens aan die orde.

### Verklaring van bonusse

Surplusse van 'n landboukoöperasie wat binne ses maande na afsluiting van sy boekjaar aan lede verklaar word, in welke vorm ook al behalwe dividende, is aftrekbaar vir

belastingdoeleindes. Die uitkerings is by toewysing (dit wil sê verklaring en nie betaling in kontant) in die hande van die ontvangers belasbaar (die omvang van die bonusse is in terme van artikel 27 van die Inkomstebelastingwet aftrekbaar mits dit nie 10 % (slegs t.o.v. geslote handelskoöperasies) van die waarde van die besigheid met lede oorskry nie). Die bepaling word gekwalifiseer in dié opsig dat dit nie belasbare inkomste van die koöperasie oorskry nie wat bereken word voordat die aftrekkings gemagtig in artikels 11 – 13, 15, en 21 in berekening gebring is asook die oordrag van 'n verlies van die vorige jaar. Die bedrag moet verdeel word volgens die persone wat daarop geregtig is se omset met die landboukoöperasie (artikel 27(9)).

Die uitsluiting van bonusse uit belasbare inkomste van landboukoöperasies het tot gevolg dat dit in die hande van die ontvanger belasbaar is. By sentrale koöperasies word die belastingpligtigheid op primêre koöperasies afgewentel wat dit weer kan deurgee aan die primêre lid, wat oor die algemeen 'n laer marginale belastingkoers het as óf die primêre óf die sentrale koöperasies. Hierdie inkomste word vir boere by die inkomste uit boerdery ingesluit (kyk artikel 12(5)). Wanneer die volle bedrag van bonusse gekrediteer word vir lede het dit dus 'n kontantuitvloeiing tot gevolg vir daardie lede wat wel belasting betaal. As gevolg hiervan het dit al praktyk geword by landboukoöperasies om 'n gedeelte van bonusse in kontant uit te betaal. Vir lede met 'n hoë marginale belastingkoers kan daar egter nog steeds 'n netto kontantuitvloei wees.

In gevalle waar rente op bonusse betaal of gekrediteer word, is hierdie rente aftrekbaar vir die koöperasie en belasbaar vir lede. In die geval van die gekrediteerde rente is daar dus 'n netto kontantuitvloei vir die lede.

Dit is nie die doel om die kwessie van bonusse hier ten volle te bespreek nie. 'n Beleid van uitgestelde bonusse sonder rente en met relatiewe kort rotasieperiodes (sê ses jaar) is 'n optimale beleid uit die oogpunt van die koöperasie en sy lede. Dit is by verreweg 'n meer aanvaarbare beleid as een waar koöperasies belasting betaal in plaas van bonusse (Hamman en Lambrechts, 1985). Hierdie gevolgtrekking(s) lei daartoe dat die koöperasie as ondernemingsvorm verkiesliker is as maatskappye omdat die toegewing van bonusse nie op maatskappye van toepassing is nie.

### Delging van lenings

Vir die eerste 10 jaar (na 1 April 1977) word landboukoöperasies as 'n oorbruggingsmaatreël toegelaat om terugbetaling van lenings, wat tot oortuiging van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste aangegaan is vir die daarstelling van fasiliteite vir die opberging en/of primêre verwerking van die produkte van sy lede, af te trek by die bepaling van belasbare inkomste (artikel 27). Hierdie toegewing verval dus oor ongeveer een jaar. Op hierdie stadium is daar geen spesifieke aanduiding dat die toegewing tot na 1 April 1987 verleng sal word nie. Alhoewel vertoë tot die Owerheid in dié verband gerig word, sal 'n verdere toegewing, indien toegestaan, seker eers op 'n heelwat later stadium gedoen word.

### Aanvangs- en beleggingstoelae

Landboukoöperasies ontvang tans 'n beleggingsvermindering van 20 % op fabrieksgeboue, opslagplekke en op verbeteringe, uitgesonderd reparasies, aan opslagplekke en 'n spesiale beleggingsvermindering van 30 % van die regstreekse koste van masjinerie (artikel 27) (dieselfde verminderings geld vir maatskappye). Die beleggingstoelae op geboue is slegs van toepassing op geboue wat voor 30 Junie 1986 voltooi is en by masjinerie wat voor 30 Junie 1985 aangeskaf is.

Sekere van die bepalings op toelaes vir maatskappye is in 1984 verander, maar artikel 27 wat op koöperasies van toepassing is, is nie dienooreenkomstig gewysig nie. Waar maatskappye bv. nuwe masjiene aangeskaf het op of na 1 April 1984 en op en voor 30 Junie 1985 die toelaes oor twee jaar moes verdeel ($^2/_3$ in die belastingjaar en $^1/_3$ in die daaropvolgende belastingjaar) kon koöperasies dit nog steeds eenmalig by die bepaling van belasbare inkomste in aanmerking neem. Hierdie was dus 'n voordeel van koöperasies as ondernemingsvorm relatief tot maatskappye oor die afgelope twee jaar.

### Stabiliseringsfonds

Die KWV het in terme van artikel 27 'n vergunning dat die bedrag wat op 'n prysstabiliseringsfonds oorgeplaas word, onderworpe aan sekere beperkings, aftrekbaar is van belasbare inkomste. Bonusse wat hieruit uitgekeer word, is nie aftrekbaar nie. Hierdie is 'n vergunning wat tot gevolg het dat die lede nie belasbaar is op bedrae wat na die prysstabiliseringsfonds oorgeplaas is nie. Hierdie praktyk is vergelykbaar met bonusse wat verklaar, maar nie uitbetaal is nie en waar lede wel belasbaar is. Dit is dus 'n vergunning wat addisionele fleksibiliteit aan die inkomsteverdelingsbeleid van die KWV verskaf, maar wat nie vir ander koöperasies beskikbaar is nie. Indien hierdie vergunning vir alle koöperasies van toepassing gemaak kan word, is dit 'n voordeel wat geld vir koöperasies in teenstelling met maatskappye as ondernemingsvorm.

## Wetlike beperkings op koöperasies

### Inleiding

Die wetlike beperkings wat van toepassing is op koöperasies en wat moontlik addisionele vereistes stel aan koöperasies het betrekking op kombinasievorming, opstelling van groepstate, uitgifte van aandele, betaling van dividende en leningsbevoegdheid.

### Kombinasievorming

Landboukoöperasies, primêr of sentraal, is hoofsaaklik landbougebonde en die bedoeling is dat hulle aktiwiteite beperk moet word tot hulle omskrewe aktiwiteite. Dit plaas 'n beperking op die vermoë van 'n koöperasie om te diversifiseer, hetsy deur 'n amalgamasie of 'n oorname. Dit is dus nog altyd nodig om ministeriële goedkeuring te verkry om beleggings in maatskappye te maak. So 'n stap sal kwalifiseer vir goedkeuring mits dit tot bereiking van hulle doelwitte lei. In die praktyk lei die goedkeuring egter dikwels tot probleme omdat die transaksie eers aangegaan moet word alvorens vir goedkeuring aansoek gedoen kan word. Volgens die Registrateur van Koöperasies sal

goedkeuring gegee word indien dit nie met die wetsbepaling bots nie, nie lei tot 'n oorvleueling van aktiwiteite nie en nie met die gestelde doelwitte bots nie. Dit lyk teenstrydig dat in die geval van 'n groot koöperasie wat in baie gevalle onafhanklik interne investeringsbesluite kan neem die winsgewendheid van 'n kombinasie deur 'n buite-instansie gemonitor moet word. Volgens die Registrateur van Koöperasies behoort die vereistes nie enige probleem in die praktyk te skep nie. Dit is vir koöperasies nodig om sekere inligting aan die Registrateur te verskaf alvorens 'n besluit geneem kan word. Die Registrateur is bereid om 'n standaardlys van benodigde inligting aan koöperasies te verskaf om te voltooi tydens die aanvraging vir goedkeuring van 'n beoogde kombinasie. Hy verseker dat geheimhouding sal geld en dat 'n uitwysing binne 5–7 dae gegee sal kan word. Indien 'n opsie dus vir so 'n periode verkry kan word, behoort die wetlike vereistes nie onoorkombare beperkings te skep nie (aldus die Registrateur). Feit is egter dat daar beperkings is op koöperasies se besluitnemingsvermoë in teenstelling met maatskappye waar 'n bestuursbesluit voldoende is vir oornames of die verkryging van 'n belang in ander maatskappye. Daar is dus 'n beperking op koöperasies wat betref diversifikasie en besluitneming.

### Opstelling van groepstate

Die Koöperasiewet van 1981 maak nie voorsiening vir die opstelling van groepstate vir 'n sentrale koöperasie met filiale nie. By maatskappye is dit 'n aanvaarde praktyk en gee dit ook 'n meer realistiese weergawe van die finansiële stand van 'n groep. Dit is nie 'n baie ernstige beperking nie, want alhoewel gekonsolideerde state nie 'n vereiste is nie kan dit wel opgestel word.

### Uitgifte van aandele

Koöperasies word ingevolge artikel 57 van die Koöperasiewet verbied om aandele aan die publiek te verkoop. Geen aandeel mag uitgereik word tensy minstens eentiende van die nominale waarde van die aandeel aan die koöperasie betaal is nie (artikel 73(2)). Die bepaling hoef nie nagevolg te word nie, die koöperasie kan in sy statute bepaal dat die aandele volopbetaald moet wees. Artikel 73(1)(9) bepaal dat aandele deur die koöperasie slegs teen nominale waarde uitgereik mag word. Daar is dus geen moontlikheid van 'n premie op aandele nie. Bestaande lede wat saam met 'n koöperasie gegroei het, is dus nie beter daaraan toe as nuwe lede nie (uitgeslote uitgestelde bonusse wat gekrediteer is). Die bestaande lede het dus nooit enige aanspraak op die reserwes van 'n koöperasie nie.

Die praktyk by maatskappye is dat aandele teen 'n premie uitgereik kan word en dat aandele volopbetaald uitgegee moet word. Aandeelhouers kan dus deel in die groei van maatskappye; in 'n groter mate so indien die aandele verhandelbaar is. Die bepalings met betrekking tot die uitgifte van aandele plaas dus 'n beperking op koöperasies in teenstelling met maatskappye.

### Vergoeding van aandeelhouers (dividende)

Daar is 'n beperking op die omvang van dividende wat aan aandeelhouers (lede) van koöperasies betaal kan word, naamlik 15 % van die nominale waarde (artikel 83(2)). Alhoewel dié persentasie huidig as laag mag voorkom, moet in gedagte gehou word dat dividende uit nabelastinginkomste betaal moet word. 'n Dividendkoers van 15 % vergelyk met 'n rentekoers van 30 % in terme van kontantvloei by 'n belastingkoers van 50 %. In terme van kontantvloei is aandelekapitaal dus nie 'n aantreklike vorm van finansiering nie — vir beide die koöperasie en die lid. Die primêre lid kan belasbaar wees tot 'n maksimum van $^2/_3$ van dividendinkomste.

Die situasie by maatskappye is dat daar geen beperking op die omvang van dividende is nie. Die omvang van dividende kan bepaal word deur aandeelhouers by 'n algemene jaarvergadering — gewoonlik op aanbeveling van die direksie.

### Leningsbevoegdheid

Die leningsbevoegdheid van koöperasies is in terme van artikel 53 beperk tot die helfte van die aandelekapitaal en die algemene reserwes. Sodanige perk kan oorskry word deur 'n spesiale besluit (geneem op 'n algemene jaarvergadering of 'n buitengewone algemene vergadering deur twee-derdes van die aanwesiges). By maatskappye is die lenings in terme van artikel 60 van Tabel A en B van die Maatskappyewet van 1973 beperk tot die helfte van die uitgereikte aandelekapitaal plus aandelepremie of in die geval van nie-pariwaarde aandele tot die helfte van die verklaarde kapitaal. Koöperasies is dus wat leningsbevoegdheid betref nie swakker daaraan toe as maatskappye nie.

## Leningsmoontlikhede van koöperasies

Koöperasies het dieselfde moontlikhede vir leningskapitaal as maatskappye in die ope mark plus die moontlikheid van lenings by die Landbank. Koöperasies is verseker van lenings by die Landbank waar die rentekoerse ook effens laer is as in die ope mark.

## Agente van beheerrade

Koöperasies tree op as agente van beheerrade in die hantering, opberging, deurvoer en ander funksies met betrekking tot graansoorte. As sulks kwalifiseer hulle vir 'n gewaarborgde lening van 90 % van die kapitaalfondse wat kwalifiseer vir Landbanklenings. Voorts word die agente (koöperasies) vergoed vir die uitvoering van hierdie funksies. Die vergoeding geskied op 'n voorafbepaalde formule wat onderhewig is aan sekere tekortkominge, maar wat 'n gewaarborgde bron van inkomste verskaf.

Die vraag ontstaan nou of dieselfde finansiering en vergoeding wat aan koöperasies beskikbaar is, ook aan maatskappye, wat dieselfde funksies verrig, gemaak sal kan word. Ons is van mening dat die bedoeling is dat hierdie reëlings met betrekking tot koöperasies geld en dat sekere administratiewe, juridiese en tradisionele 'hekkies' oorkom moet word indien van die koöperasies wat as agente van beheerrade optree hulle ondernemingsvorm wysig na maatskappye.

### Kanalisering van landbouhulp

Landbouhulp aan die boeregemeenskap word soms deur koöperasies gekanaliseer. Die Registrateur van Koöperasies is van mening dat dit 'n belemmering plaas op die moontlikheid om 'n koöperasie te omskep in 'n maatskappy. Ons is egter van mening dat so 'n belemmering hoofsaaklik geld met betrekking tot primêre en nie sentrale koöperasies nie.

### Wetlike aspekte van omskepping

#### Inleiding

Beide koöperasies en maatskappye beskik oor regspersoonlikhede. Eersgenoemde spruit voort uit artikels 27 en 28 van die Koöperasiewet, 1981 en laasgenoemde uit artikels 63 en 65 van die Maatskappyewet, 1973. Dit is dus nodig om vas te stel wat beide wette bepaal met betrekking tot omskepping van regspersoonlikhede.

#### Maatskappyewet, 1973

Indien 'n koöperasie omskepping sou oorweeg, sou 'n omskepping in 'n publieke maatskappy die enigste logiese regspersoon wees. 'n Publieke maatskappy kan fondse by die algemene publiek werf, verhandelbaarheid van effekte is relatief maklik en notering op die Effektebeurs is selfs moontlik.

In terme van die Maatskappyewet is slegs opgerigte maatskappye omskepbaar (kyk artikels 22–24). In geen geval word voorsiening gemaak vir die omskepping van 'n regspersoon anders as 'n maatskappy nie. Aangesien die omskeppings spesifiek genoem word, kan die afleiding gemaak word dat die omskepping van 'n koöperasie in 'n maatskappy spesifiek uitgesluit is. Die enigste moontlikheid is dus om as 'n maatskappy te registreer wat tot gevolg sal hê dat die koöperasie sy huidige regspersoonlikheid verloor en van nuuts af aansoek doen om as 'n maatskappy te registreer.

#### Koöperasiewet, 1981

Koöperasies en maatskappye het baie in gemeen wat hulle regspersoonlikheid betref. Beide is 'n fiktiewe entiteit waarin sy lede aandele besit en die entiteit handel soos deur sy lede besluit. Die bates van die entiteit is geskei van sy lede en sy voortbestaan word nie deur die wisseling van sy lede beïnvloed nie.

Volgens artikel 157 kan 'n maatskappy omskep word in 'n koöperasie, volgens 'n besluit geneem op 'n vergadering spesifiek vir die doel byeengeroep. Die besluit is onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Landbou op aanbeveling van die Registrateur van Koöperasies. Geen voorsiening word egter gemaak vir die omskepping van 'n koöperasie in 'n maatskappy nie. Daar is ook geen voorsiening vir die omskepping of amalgamasie wat lei tot 'n maatskappy, gemaak nie. Daar bestaan dus geen metode waarop 'n koöperasie sonder onderbreking van regspersoonlikheid en 'n verlies aan kapitaal in 'n maatskappy omskep kan word nie.

#### Gevolgtrekking

Geen wetlike prosedure waarvolgens 'n koöperasie in 'n maatskappy omskep kan word, is beskikbaar nie. So 'n omskepping is selfs ook nie moontlik in terme van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 nie. Voorts is die ledetal by 'n beslote korporasie beperk tot 10 wat dit heeltemal ontoepaslik maak vir koöperasies. Die uitweg van likwidasie het soveel nadele tot gevolg dat dit moeilik gevolg sal kan word. Hieronder val die verlies van regspersoonlikheid, die tegeldemaking van bates, die aflossing van skuldeisers se skulde en die betaling van oordragskoste en hereregte op bates.

### Stigting van 'n nuwe maatskappy

'n Ander moontlikheid wat bestaan, is om 'n maatskappy te stig wat die beherende maatskappy van die bedryfsaktiwiteite (wat in verskillende koöperasies en maatskappye gesetel is) is. Die ondernemingstruktuur lyk dan soos volg:




'n Ander alternatief sou wees dat die koöperasies sê 51% en sy lede sê 49% van die aandele van die beherende maatskappy sal hou. Die stigting van so 'n beherende maatskappy sal onderhewig wees aan die goedkeuring van die Minister van Landbou. Op hierdie stadium voorsien ons probleme om sodanige goedkeuring te verkry. Gevolge van so 'n stap sal onder andere die volgende behels:

1. Daar is geen oordragskoste en hereregte van bates nie. Die bates kan gehuur word van die bestaande geregistreerde eienaar.
2. Belasting is betaalbaar by die maatskappy waar bedryfsaktiwiteite plaasvind. Onsekerheid bestaan oor die aftrekbaarheid van verklaarde bonusse en delging van lenings waar inkomste na die koöperasie gekanaliseer word deur 'n beherende maatskappy.
3. Groepstate sal moontlik wees vir die beherende maatskappy. Die state sal egter onrealisties wees omdat die bestaande bates in die koöperasie gesetel is.
4. Die bekombaarheid van aandelekapitaal van die beherende maatskappy sal nie beter as dié van die koöperasie wees nie aangesien dit 'n volfiliaal van die koöperasie is.
5. Daar sal geen verskil wees van die bestaande maksimum dividendkoers wat aan lede van die koöperasie betaalbaar is nie.

Die belangrikste voordeel blyk dus te wees die besparing van oordragskoste en hereregte. Andersins is daar geen duidelike voordeel behalwe moontlik 'n groter fleksibiliteit wat betref oorname. Dit is egter twyfelagtig of die Minister van Landbou/Registrateur van Koöperasies afstand sal doen van sy reg om oornames van maatskappye goed te keur indien goedkeuring wel vir die stigting van 'n beherende maatskappy gegee word.

### Samevatting en gevolgtrekkings

Koöperasies as 'n ondernemingsvorm het besliste voordele in vergelyking met maatskappye wat betref die volgende aspekte:

1. Verklaring van bonusse wat aftrekbaar is vir belastingdoeleindes.
2. Delging van lenings wat aftrekbaar is vir belastingdoeleindes in sekere omstandighede (hierdie is 'n voordeel wat bes moontlik in 1987 verval).
3. Die berekening van beleggingstoelaes (hierdie is slegs 'n korttermynvoordeel).
4. Leningsmoontlikhede en -koerse via die Landbank.
5. Optrede as agente van Beheerrade wat gewaarborgde finansiering en vergoeding (gebaseer op sekere voorskrifte) tot gevolg het.

Moontlike *nadele* is die volgende aspekte:

1. Goedkeuring is nodig vir die oorname van maatskappye en dit plaas 'n belemmering op diversifikasie en fleksibiliteit.
2. Opstelling van groepstate is nie 'n vereiste nie (hierdie is nie 'n onoorkombare nadeel nie).
3. Lede deel nie in die groei van 'n koöperasie nie en die uitgifteprys van aandele is gelyk aan die nominale waarde.

Indien in aanmerking geneem word dat daar geen bestaande wetlike voorsiening is vir die omskepping van 'n koöperasie in 'n maatskappy nie, is die enigste praktiese alternatief die stigting van 'n beherende maatskappy. Soos hierbo uitgestip sal so 'n stap nie noodwendig tot die uitskakeling van die huidige nadele van koöperasies lei nie.

Dit blyk dus dat in huidige omstandighede dit onwenslik is om van ondernemingsvorm te verander. Dit moet egter nie as 'n kategoriese gevolgtrekking gesien word nie en die ontwikkeling van die bepalende faktore moet voortdurend onder oog gehou word.

### Summary

The change of the Income Tax Act in 1977 resulted in co-operatives becoming tax liable from 1 April 1977. In addition, the Co-operatives Act of 1981 resulted in additional restrictions for co-operatives. Consequently certain important advantages of co-operatives ceased. The question arises whether co-operatives can still be justified as a form of organization in comparison with companies.

To solve this problem several determining factors should be investigated. Aspects which should be analysed are the tax liability of each form of organization, legal restrictions of co-operatives, financing possibilities of co-operatives, the function of co-operatives as agents of control boards and the channelling of financial assistance to organized agriculture.

Co-operatives as a form of organization have definite advantages compared with companies.

1. The declaration of deferred bonusses for tax purposes.
2. The redemption of loans which are tax deductible under certain circumstances (but only until 1987).
3. The accounting of investment allowances (only a short term advantage, though).
4. Lending opportunity and lending rates via the Landbank.
5. Acting as agents of Control Bodies which assure finance.

Possible impediments of co-operatives are:

1. Approval is necessary to take over companies. This inhibits flexibility and diversification.
2. Group statements are not required.
3. Members do not share in the growth of the company.

In this article it appears that it is undesirable for co-operatives to change their form of organization under present circumstances. It is however not a categorical conclusion and the development of the determining factors should be studied continuously.

### Verwysing

Hamman, W.D. en Lambrechts, I.J. 1985. 'n Optimale inkomsteverdelingsbeleid vir koöperasies. *Bedryfsleiding*, vol. 16, 128 – 137.